

# 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP F.W. DE KLERK SE TOESPRAAK VAN 2 FEBRUARIE 1990

Danie Breytenbach<sup>1</sup>

## Abstract

2 February 2000 marked the tenth anniversary of FW de Klerk's famous speech in Parliament, which paved the way for a new negotiated democratic dispensation in South Africa. This article focuses on the contents of the speech and the implications thereof on society in general, and will deal with the Neo-Aristotelian approach to rhetorical criticism. This approach makes provision for the message or content, the occasion, the speaker and the audience. Although the above will be discussed briefly, the focus will be on the message and the implications thereof. The message or, more specifically, the body of the speech, comprising the unbanning of the African National Congress and South African Communist Party with the release of Nelson Mandela and other political prisoners, the lifting of the restriction on media and education regulations and on 33 other organisations, complimented the situation well. The speaker on that occasion, FW de Klerk, as well as the audience, comprising a joint sitting of members of parliament, complimented each other well according to the Neo-Aristotelian approach to rhetorical criticism.

## 1. INLEIDING

Dit was op 2 Februarie 2000 presies tien jaar gelede dat FW de Klerk sy geskiedkundige toespraak tydens die Opening van die Tweede Sessie van die Negende Parlement van die Republiek van Suid-Afrika gelewer het. Die Suid-Afrikaanse politiek het met hierdie toespraak 'n totale nuwe wending geneem. Radikale idees van hervorming is aangekondig, waaronder die vrylating van Nelson Mandela na 27 jaar in die gevangenis, asook die ontbanning van anti-apartheidsorganisasies. Die toespraak het enersyds blanke vrese in die wit gemeenskap, veral onder die regse element in die politieke spektrum, aangewakker en andersyds het dit bepaalde verwagtinge by die swart gemeenskappe, wat vir jare oor geen politieke seggenskap in die land beskik het nie, geskep. Volgens du Toit (1992:8) was die toespraak daarvoor verantwoordelik dat nuwe sosiale en politieke kragte binnelandse losgelaat is en Suid-Afrika se buitelandse isolasie grootliks beëindig is.

FW de Klerk het as president 'n leidende rol gespeel in die oorgang na 'n politieke bestel wat gepaardgegaan het met die eerste demokratiese verkiesing in Suid-

<sup>1</sup> Departement Toegepaste Kommunikasie, Technikon, S.A.

Afrika in 1994. Volgens Naudé (1999:58) en Verdery (1996:19) kan hierdie eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika beskou word as een van die merkwaardigste gebeurtenisse in die vorige eeu. Nie alleen was dit die eerste demokratiese verkiesing in die land nie, maar dit het ook die weg gebaan vir 'n Regering van Nasionale Eenheid en die daarstel van 'n nuwe konstitusie (Naude 1999:58). FW de Klerk het ook saam met mnr. Mandela die Nobelvredesprys ontvang en sodoende miljoene mense in die buiteland se aandag op hom gevlestig. Dié prys het volgens Van Zyl (1999:31) daartoe bygedra dat FW de Klerk internasionaal bekend geword het as vredemaker, staatsman en bemiddelaar. Dit is juis vanweë hierdie geskiedkundige toespraak van 2 Februarie 1990 dat die weg gebaan is vir Suid-Afrika om twee demokratiese verkiesings te kon hê en deel van die internasionale gemeenskap te word. Hierdie artikel sal dus poog om 'n historiese perspektief van dié toespraak te gee binne die raamwerk van die Neo-Aristoteliaanse benadering tot retoriiese kritiek. Hierdie benadering fokus op die geleentheid, boodskap, spreker en gehoor. Die boodskap sal in detail bespreek word soos wat dit gestalte in die toespraak gekry het. In die bespreking sal aan die volgende aspekte aandag gegee word: die redes wat moontlik aanleiding kon gegee het tot die lewering van die toespraak, die vernaamse aspekte en gevolge daarvan, ook vir die massamedia, die kommunikasiewaarde van die toespraak en die gevolge wat dit vir die ekonomiese ingehou het. Die artikel het ten doel om een van die aspekte, naamlik die boodskap, breedvoerig te bespreek vanweë die geskiedkundige aard daarvan en die verreikende gevolge wat dit vir Suid-Afrika ingehou het. In dié verband noem Cathcart (1988:14) dat historiese gebeurtenisse betekenis gee aan die hede. Hy noem dat geskiedenis uit komplekse boodskappe bestaan wat gelewer word voor of na afloop van 'n spesifieke gebeurtenis. Die toespraak van 2 Februarie 1990 dien as voorbeeld van so 'n gebeurtenis.

## 2. METODOLOGIESE VERTREKPUNTE

Die Neo-Aristoteliaanse benadering is geskoei op die Griekse filosoof, Aristoteles, se werk die *Rhetorica* (De Wet 1991a:67). Dit is, volgens moderne teoretici, vandag nog die gewigtigste enkele werk deur 'n skrywer wat met oorreding verband hou (Terblanche 1996:6; Kennedy 1991:9ix; Dahnke & Clatterbuck 1990:5; Nimmo & Sanders 1981:18; Littlejohn 1978:159; Carrino 1959:59). FW de Klerk se toespraak kan beskou word as 'n oorredingstoespraak aangesien hy tien jaar gelede alle Suid-Afrikaners moes oorreed dat 'n nuwe politieke bestel slegs deur onderhandeling tot stand gebring kan word.

Die *Rhetorica* bestaan uit drie boeke waarvan Boek Een hoofsaaklik oor die rol van die spreker handel. Daarin word aandag gegee aan die wese van die retoriiese denke. Die ooreenstemming wat bestaan tussen die retoriek en die dialektiek (die

kuns van logiese bespreking) en inventio word ook volgens Aristoteles (Roberts 1971:1354a-1377b) in Boek Een behandel. Die begrip inventio verwys na die eksplorasie en bestudering van die inligtingsboodskap of die ondersoek na feite in 'n toespraak (De Wet en Rensburg 1989:25). Aristoteles (Roberts 1971:1355b) meld dat retoriek nie net betrokke is by spesifieke onderwerpe nie, maar dat dit ook allesomvattend soos die dialektiek is. Die Tweede Boek handel oor die rol van die gehoor en die uitwerking wat die wek van emosies en ouderdomsverskille op die interpretasie van 'n mededeling kan uitoefen. Die begrip inventio word ook in die Tweede Boek geaksentueer en gaan volgens Aristoteles (Roberts 1971:1401b-1403b) oor die aanvanklike retoriiese denke. Die Derde Boek gaan volgens Aristoteles (Roberts 1971:1404a-1420b) in wese oor die toespraak, styl, taalgebruik, ordening en lewering van boodskapinhoude.

## **2.1 Fokus van die kritiek**

Die kritikus wat hom met die Neo-Aristoteliaanse benadering besig hou, koncentreer hoofsaaklik op die interaksie tussen die spreker, sy gehoor, die boodskap en die omstandighede waaronder die kommunikasie plaasgevind het (De Wet & Rensburg 1989:41). Die spreker, sy gehoor en die boodskap vorm dus die kern van die Neo-Aristoteliaanse benadering (De Wet 1991a:34). Hierdie artikel sal slegs op die boodskap fokus. Die aspekte daarvan sal vervolgens kortliks toegelig word.

### **2.1.1 Die boodskap (toespraak van 2 Februarie 1990)**

Die boodskap word in die Derde Boek van die *Rhetorica* bespreek en volgens Aristoteles (Roberts 1971:143b) is die feite van 'n toespraak onder meer van belang. Die boodskap is, volgens De Wet (1991a:65), die belangrikste element in die proses van retoriiese kommunikasie en daarsonder is geen retoriiese kommunikasie moontlik nie. Rybacki en Rybacki (1991:50) huldig die mening dat die boodskap ook dié element in die retoriiese aksie is waaroor die spreker die meeste beheer uitoefen. 'n Goedbeplande boodskap sal 'n groter impak op die gehoor uitoefen as een wat minder goed beplan is (Fielding 1997:163).

### **2.1.2 Die geleentheid (Die Opening van die Tweede Sessie van die Negende Parlement van die Republiek van Suid-Afrika)**

Die geleentheid waartydens die openbare mededeling plaasvind, vorm 'n belangrike komponent by die spreker se retoriiese keuses. Volgens Sproule (1997:44) dra die volgende faktore uiteindelik by tot die geleentheid waartydens die mededeling gemaak word, naamlik die spreker self, sy bedoeling, die gehoor en die boodskap. Wanneer die omgewing ontleed word, is daarveral twee aspekte wat vir

die openbare mededeler van belang is, naamlik die fisiese omgewing en die geleentheid waartydens die openbare mededeling plaasvind (Fielding 1997:158-9; Wolvin, Berko & Wolvin 1993:78; De Wet & Rensburg 1989:41; Andrews 1987:14). So, byvoorbeeld, bepaal die geleentheid soms die onderwerp wat tydens die openbare mededeling bespreek sal word. Die wyse van oordrag word ook grootliks deur die geleentheid bepaal (Sproule 1997:43). Indien die geleentheid seremonieel van aard is, sal 'n epideiktiese diskours gevvolg word terwyl forensiese retoriek in 'n hof toepaslik sal wees.

Die konteks waarbinne die openbare mededeling gelewer word, moet ook in gedagte gehou word (Andrews 1987:14). Die bepaalde voorvalle wat 'n openbare mededeling voorafgaan, bepaal die onderwerp wat behandel word. Samehangend met die konteks, is die fisiese omgewing waarbinne die toespraak gelewer word, van kardinale belang. Die tyd wanneer en plek waar die openbare mededeling gedoen word, is bepalende faktore vir die tema van die mededeling asook die keuse van die materiaal en aspekte wat in die mededeling beklemtoon moet word (Baird 1965:173). Die plek waar die openbare mededeling plaasvind, word bepaal deur faktore soos akoestiek, beligting, verhitting, die grootte van die gehoor, en of die mededeling binne of buite 'n vertrek gelewer gaan word (De Wet & Rensburg 1989:41).

### **2.1.3 Die spreker (FW de Klerk)**

Die Neo-Aristoteliaanse benadering fokus hoofsaaklik op die spreker as individu en sekere aspekte, soos by biografiese kenmerke (De Wet & Rensburg 1989:20; Cathcart 1988:19-20) en sy persoonlikheid en karakter (Black 1978:31) is van belang. Ander aspekte wat ook ter sprake is, sluit sy openbare karakter by die publiek, onderwerpe van bespreking, die aard van bewysmiddelle, die klassifikasie en hantering van sy materiaal, sy manier van aanbieding en die uitwerking van sy aanbieding op die gehoor in (Brock & Scott 1986:33).

Aristoteles stel hoë eise aan die spreker, byvoorbeeld dat hy hom by sy gehoor moet aanpas. Verder noem Aristoteles (Bywater 1971:1358b) dat hy 'n betroubare en geloofwaardige persoon moet wees wat oor bepaalde karaktertrekke, soos verstandelike begaafdheid, deug en welwillendheid, moet beskik. Vir Aristoteles (Lausberg 1998:502-3) is daar drie eienskappe vir die mededeler van belang, naamlik ingenium, iudicium en consilium. Die begrip ingenium verwys na die spreker se verbeeldingrykheid terwyl iudicium na riglyne verwys wat die spreker help om verbeeldingryk te wees. Die term consilium verwys na die invloed van eksterne faktore en die moontlike uitwerking daarvan op die gehoor. Samevattend kom dit daarop neer dat effektiewe dialogiese kommunikasie vir Aristoteles verband hou met die

karaktertrekke van die spreker, die gehoor en die aard en oogmerk van die mededeling.

#### **2.1.4 Die gehoor (Gesamentlike sitting van Lede van die Parlement)**

Die openbare mededeler het 'n verantwoordelikheid om sy beeld en boodskap by die gehoor aan te pas. Dit moet egter op so 'n manier gedoen word dat dit die gehoor se belangstelling prikkel, hulle kennis komplementeer, en strook met hulle houdings, behoeftes en oortuigings (Seitel 1998:210; Andrews 1987:12). Om by sy gehoor aan te pas, moet die openbare mededeler 'n grondige kennis en begrip van sy gehoor hê. Dit kan bewerkstellig word deur 'n gehooranalise - 'n proses waardeur 'n spreker inligting oor sy gehoor insamel in 'n poging om 'n verhouding en identifikasie tussen hom en sy gehoor te bewerkstellig (Masterson, Beebe & Watson 1989:230).

### **3. DIE TOESPRAAK VAN 2 FEBRUARIE 1990: ENKELE VERTREK-PUNTE EN GEVOLGE VAN DIE TOESPRAAK**

#### **3.1 Redes vir die toespraak: die val van Kommunisme in Oos-Europa**

Volgens Breytenbach (1996:73) bestaan daar bepaalde redes wat dit vir FW de Klerk moontlik gemaak het om hierdie toespraak te lever. Hy noem, onder meer, die rol van eksterne faktore, waarvan internasionale sanksies teen Suid-Afrika, die bereiking van 'n skikking in Namibië, asook die val van Kommunisme in Oos-Europa, wat voorafgegaan is deur 'n mislukte staatsgreep in die Sowjet-unie, die vernaamstes was (De Beer & Steyn 1996:212; Wigston 1995:67; De Klerk 1994:6; Moseneke 1992:115; Anon. 1991:1).

Volgens Pretorius (1996:294) het die val van Kommunisme in Oos-Europa 'n fase in Suid-Afrika, wat hy ontspanningspolitiek genoem het, ingelei. Volgens hom kon FW de Klerk hierdie fase gebruik om sy aandag aan die Suidwes-Afrika (Namibiese) kwessie te wei. Verder sou die val van Kommunisme in Oos-Europa waarskynlik 'n verswakte magsbasis vir die ANC/Kommunistiese alliansie in Suid-Afrika tot gevolg hê. Volgens Giliomee (Breytenbach 1996:74) sou dit nie noodwendig die Nasionale Party van FW de Klerk versterk nie. Trouens, hierdie toedrag van sake het 'n gematigde impak op die ANC se ekonomiese beleid gehad. Giliomee beweer verder dat FW de Klerk se toespraak werklik toe te skryf is aan veranderinge binne die Nasionale Party en hy gee weinig krediet aan FW de Klerk self. Hy beweer dat FW de Klerk se voorganger, PW Botha, reeds tot verandering aangespoor is toe Nelson Mandela dit in 1988 in 'n brief aan hom gestel het dat onderhandelinge die enigste wyse tot 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika sou

wees (Breytenbach 1996:74). Volgens Jordan (1992:179) het die brief twee belangrike feite aangetoon: die hunkering van die meerderheid van die bevolking na 'n demokrasie en die vrese van die blankes in die land. Die twee aspekte moes deur politieke leierskap met mekaar versoen word.

### **3.2 Vernaamste aspekte en gevolge van die toespraak: opheffings en vrylatings**

Die vernaamste aspekte wat in die toespraak uitgestaan het, was die opheffing van die verbod op die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress (PAC), die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en 'n aantal ondergeskikte organisasies; die vrylating van Nelson Mandela en diegene wat bessig was om gevangenisstraf uit te dien bloot omdat hulle lid was van enige van die verbode organisasies; die skrapping van sowel die media- as die onderwysnoodregulasies en die opheffing van die beperkings op 33 organisasies ingevalle die noodregulasies (Breytenbach 1996:3; Oosthuizen 1994:84; Van der Waldt & Serfontein 1993:193; Kamsteeg & Van Dijk 1990:103; Kumalo & Mphahlele 1990:139,141; Van Zyl 1990:68).

Die toespraak het opslae aan beide kante van die politieke spektrum gemaak, soos Younghusband (1992:11) dit opsom: "For the first time since Jan Smuts, here was an Afrikaner leader prepared to lead his people, rather than be led by them." Geen Nasionale Party-leier het, vandat die party in 1948 aan die bewind gekom het, soveel substansie aan die idee van 'n volwaardige demokrasie vir al die land se inwoners gegee as FW de Klerk nie (De Wet 1991b:145). Aan die regterkant van die politieke spektrum het die destydse leier van die Opposisie en Konserwatiewe Party in die Volksraad, dr. Andries Treurnicht, die toespraak van FW de Klerk as revolusionêr beskou en was dit volgens die koerant, *Die Patriot*, hoogverraad (De Klerk 1998:184; Kamsteeg & Van Dijk 1990:63). Volgens De Wet (1991b:145) het die toespraak selfs ervare politieke kommentators verras en die hele Suid-Afrika geskud.

Daar is ook in sommige kringe na die toespraak verwys as die "second wind of change" (Breytenbach 1996:3). Verder is prof. Willem de Klerk (1994:7) die mening toegedaan dat die toespraak drie prosesse in die Suid-Afrikaanse politiek aangekondig het, naamlik:

- die demokratisering van die politieke sisteem deur, onder meer, algemene stemreg, demokrasie volgens die meerderheidsbeginsel in 'n onverdeelde staat, beskerming van minderhede, geen diskriminasie, 'n menseregtehandves en 'n vryemarkekconomie;

- die normalisering van die politieke proses deur die opheffing van die noodtoestand, en die verbod op politieke organisasies, vrye politieke aktiwiteit en die vrylating van heelwat politieke gevangenes; en
- die ontwerp van 'n nuwe grondwet deur onderhandeling.

'n Verdere uitvloeisel van die toespraak was, onder meer, dat FW de Klerk voortgegaan het om alle diskriminerende wetgewing van die wetboeke te verwijder. Die vernaamste hiervan was die herroeping van die Groepsgebiedewet in 1990. Die eerste logiese uitvloeisel van hierdie stap vir byvoorbeeld plaaslike regering was dat die stadsraad van Kimberley die eerste veelrassige stadsraad in Suid-Afrika geword het (Botha 1992:11). Volgens Van Zyl (1990:2) was dit 'n direkte gevolg van FW de Klerk se inisiatiewe om een land met een burgerskap daar te stel. Verder is die Wet op die Bevolkingsregister in Februarie 1991 van die wetboek geskrap (Pretorius 1996:301). Die skrapping van hierdie en ander wetgewing was 'n erkenning deur die regering dat apartheid nie gewerk het nie en dat dit afgeskaf moes word (Louw 1994:26). Die finale grondslae van apartheid, soos hierbo genoem, is dus deur hierdie toespraak afgebreek (Jung 1996:12; Roelofse 1995:29). Daar is inderdaad "met die verlede gebreek" (Van Deventer 1990:216).

Hierdie inisiatiewe van FW de Klerk het veroorsaak dat Suid-Afrika weer tot die internasionale gemeenskap toegelaat is na vele jare van isolasie en afsondering (De Klerk 1991:103; Kotze & Geldenhuys 1990:28). So, byvoorbeeld, is apartheid ook op sportgebied afgetakel en kon Suid-Afrika vir die eerste keer internasionaal meeding. Dit het verder aanleiding gegee tot die opheffing van die sportmoratorium gedurende 1992 met die gevolg dat Suid-Afrika aan die Olimpiese Spele in Barcelona kon deelneem (De Beer & Steyn 1994:196-7).

Verder is die verbod van die sewentiger- en tagtigerjare op politieke werke met 'n kommunistiese kleur van Nelson Mandela, Karl Marx, Mao Zedong en Leon Trotsky na 1990 opgehef. Verdere voorbeeld van publikasies wat ontban is, is dié van Donald Woods, getiteld "Asking for trouble" en "History of the ANC" deur Francis Meli (Burns 1990:152).

### **3.3 Implikasies van die toespraak: die begin van onderhandelinge**

Louw (1993:127) argumenteer dat die toespraak 'n merkwaardige proses van beleidsformulering en debat in Suid-Afrika aan die gang gesit het. Terselfdertyd is 'n klimaat vir onderhandelinge geskep wat nie alleen tot die totstandkoming van 'n nuwe nasionale regering sou lei nie, maar die proses ook uiteindelik tot so ver as plaaslike regering sou deurtrek met die totstandkoming van een stad en een belastingbasis vir alle plaaslike regerings (Anon 1993:2; Thornhill 1990:23). Kruger

(1991:2) noem verder dat die toespraak 'n openheid van debatvoering tot gevolg gehad het, waartydens standpunte op meriete beoordeel, waardes nagestreef en die verbreding van die politieke gesprek en terrein tot stand gebring kon word.

Professor Willem de Klerk is die mening toegedaan dat die inhoud van die toespraak 'n aksie van innovering was in dié sin dat dit in beginsel afgewyk het van die Nasionale Party se ingewikkeld model van magsdeling binne die strukture van apartheid (De Klerk 1994:6). Die toespraak het ook volgens Claassen (1998:132) die transformasieproses in Suid-Afrika aan die gang gesit wat uiteindelik die weg sou baan vir demokrasie. Burton (1996:160) meen dat hoewel FW de Klerk se toespraak die oorgangsproses in Suid-Afrika aan die gang gesit het en dit na die eerste demokratiese verkiesing afgehandel behoort te gewees het, die transformasieproses op talle ander terreine in die Suid-Afrikaanse samelewing nog vir etlike jare sal voortduur. Van der Waldt en Serfontein (1993:202) het voorsien dat hierdie toespraak ook 'n proses in die land aan die gang sou sit waartydens die verskillende kulture in Suid-Afrika voor die einde van die 20ste eeu ten volle geïntegreer sal wees.

### 3.4 Gevolge vir die massamedia: die vloei van inligting

Benewens die politieke gevolge van die toespraak, was daar ook verreikende gevolge vir die media. So, byvoorbeeld, kon vorige verbode organisasies nou hulle standpunte en idees vrylik publiseer, persone wat voorheen verban was, kon vrylik in die media aangehaal word en nuusdekking is weer oor die onrus in die land gegee (Oosthuizen 1994:84). Aangaande die opheffing van die media-noodregulasies maak Nadine Gordimer (Burns 1990:155) die volgende gepaste stelling: "Information and ideas dammed up for at least three decades, began to flow in a way we had forgotten." Die regulasies wat die pers aan bande geleë het, is afgeskaf en maatreëls wat die media verhinder het om sy waghondfunksie te vervul, is opgehef (Roelofse 1992:29; Faure 1990:29). Wilson en Wilson (1998:53) beskryf die media se waghondfunksie as die rol van die media om die publiek ingelig te hou oor die werkzaamhede van die huidige regering. Op sy beurt het die SAUK-televisienuus sy waghondfunksie begin vervul en weer openlik begin om, onder meer, die ANC en PAC se standpunte uit te saai (Van Zyl 1990:69). Voortspruitend hieruit het navorsing wat in 1994 oor FW de Klerk se toespraak onderneem is deur Marais, Conradie, Malan en Schuring (1994:50-1) oor, onder meer, die tydstoedeling wat aan politieke groeperings in televisienius gegee word, aan die lig gebring dat die ANC gedurende 1994 die meeste dekking in nuus op televisie gekry het en ook meer aangehaal is as enige ander politieke groepering. Daar kon tot 'n groot mate weer aan die vereiste van Jefkins (1998:63) dat die media in elke land sy geskiedenis, geografie, politieke implikasies, en ekonomiese groei moet weerspieël, voldoen word.

Volgens Muller (1990:227) het die toespraak van 2 Februarie 1990 en die gepaardgaande skrapping van die media-noodregulasies, ook eise aan veral die swart koerante gestel en hy was van mening dat dié koerante die uiters pynlike taak gehad het om aan hulle lezers te verduidelik waarom die ANC sekere ooreenkoms met die Regering sou moes aangaan en die politiek van saambestaan tussen swart en wit, te verduidelik en te regverdig. Op 'n liger noot het die weekblad, *New Nation*, slegs 'n dag na FW de Klerk se toespraak in 'n spesiale skutblad in sy uitgawe, kommentaar onder die baniere van die ANC en die SAKP geplaas (Oosthuizen 1990:47).

Professor Willem de Klerk (De Wet 1991b:175) noem dat die toespraak in plaaslike en buitelandse media in drie verskillende perspektiewe gerapporteer is, naamlik positiewe rapportering, versigtige optimisme en negatiewe kommentaar. In die positiewe beriggewing kom die media tot die gevolgtrekking dat die politiek in Suid-Afrika genormaliseer is deur die toespraak en dat die meeste struikelblokke op die onderhandelingspad uit die weg geruim is. Verdere positiewe kommentaar is dat die proses onomkeerbaar geword het, dat FW de Klerk geloofwaardig in sy optrede is, dat internasionale isolasie stap vir stap opgehef sal word en dat demokrativering in Suid-Afrika onvermydelik geword het. Die buitelandse media wat die toespraak as versigtige optimisme afgemaak het, het aangevoer dat FW de Klerk nog nie al sy "kaarte op die tafel" gesit het nie. Hulle het beweer dat hy die maklike uitweg gevolg het en dat sy uiteindelike uitdaging in sy bereidwilligheid lê om inhoud aan die nie-rassige bedeling te gee. Daar is ook in die media gespekuleer dat hy 'n strateeg was wat sy vyand, die ANC, met 'n slim plan gevang het. Die negatiewe reaksie het veral van twee groeperings gekom, naamlik die swart radikaliste en die regtervleuel bestaande uit blanke konserwatiewes. Die swart radikaliste het die standpunt geopper dat dit net weer 'n foefie van die ontwerpers van apartheid was, terwyl die regtervleuel die toespraak beskou het as die uitverkoop van die blankes aan die swartes, dat die blankes verraai is en dat FW de Klerk met die vorige blanke-alleenverkiesing nie 'n mandaat gehad het om hierdie verreikende stappe aan te kondig nie.

### **3.5 Kommunikasiewaarde van die toespraak: die skep van 'n kommunikasiekultuur**

Uit 'n politieke kommunikasie-oogpunt beskou het apartheid 'n diskriminerende kommunikasiekultuur teen swart mense in die land opgebou. Die gevolg hiervan was dat die bestaande politieke stelsel nie behoorlik kon funksioneer nie (De Wet 1991b:145). Die toespraak van 2 Februarie 1990 sou waarskynlik 'n klimaat help skep waarin die politieke stelsel in die land kon stabiliseer.

Wat die kommunikasiewaarde van die toespraak betref, het FW de Klerk self, tydens 'n koerantonderhou met *Die Burger*, gesê dat 'n terugblik op die verwikkelinge in die land hom laat besef het dat talle probleme in Suid-Afrika vermy kon gewees het as daar goeie kommunikasie was (Terblanche 1994:42). Die toespraak kan dus moontlik beskou word as 'n voorbeeld van 'n goeie kommunikasiepoging van die regering in 'n soeke na oplossings van die land se vraagstukke. Hierdie stelling kan gestaaf word deur te let op twee kontrasterende stellings van NP-lede. FW de Klerk het in 1993 in 'n toespraak op televisie genoem dat die Nasionale Party bereid sou wees om in die onderhandelingsproses 'n skikking te aanvaar ten opsigte van die grondwetlike vergadering. 'n Minister in sy kabinet het net die volgende dag, tydens 'n openbare vergadering, gesê dat die Nasionale Party se standpunt oor die grondwetlike vergadering nie onderhandelbaar was nie (Overton-de Klerk:1993:180). Hierdie soort kontrasterende stellings was nie bevorderlik vir goeie kommunikasie nie.

### 3.6 Die ekonomie: opheffing van sanksies

Die ekonomie het ook in die goeie gevolge van die toespraak gedeel toe die Europese Gemeenskapslande besluit het om die verbod op beleggings in Suid-Afrika op te hef. Die verbod op die invoer van yster, staal en goudmunte wat in 1985 ingestel is, is deur die lande opgehef. Japan het ook die verbod op kulturele en opvoedkundige kontak, asook toerisme na en van Suid-Afrika opgehef. Die VSA het terselfdertyd sansies, wat ses jaar tevore deur die "Comprehensive Anti-Apartheid"-wetgewing teen Suid-Afrika ingestel is, opgehef. Met die aanvaarding van die wetgewing is herhaal dat dit alleenlik opgehef sou word indien alle politieke gevangeenes vrygelaat, die verbode organisasies ontban, die noodtoestand opgehef en die oorblywende anti-apartheidswetgewing afgeskaf sou word en daar 'n verbintenis van die Suid-Afrikaanse regering tot 'n onderhandelde skikking vir 'n nie-rassige Suid-Afrika sou wees (Pretorius 1996:294). Al hierdie aspekte is in die toespraak aangespreek. Kort hierna het lande soos Israel en Finland gevolg en is kontak met die Organisasie vir Afrika Eenheid weer bewerkstellig (Anon 1991:1).

## 4. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKING

Die doel van hierdie artikel was om 'n historiese perspektief van FW de Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990 aan die hand van die Neo-Aristoteliaanse benadering tot retoriiese kritiek te gee. Die aspek waaraan breedvoerig aandag gegee is, is die boodskap soos dit uiting in die toespraak gevind het. Die besprekking van die boodskap het ook historiese waarde aangesien daar op bepaalde aspekte in diepte ingegaan is. Aspekte wat in die artikel aan die orde gestel is, naamlik die

spreker (FW de Klerk), die geleenheid (Openingstoespraak van die Vyfde Sessie van die Negende Parlement op 2 Februarie), die gehoor (gesamentlike sitting van die parlement), en die boodskap (implikasies van die toespraak), is aan die hand van die Neo-Aristoteliaanse benadering tot retoriiese kritiek bespreek. Hierdie aspekte komplimenteer mekaar binne die raamwerk van hierdie benadering.

## BRONNELYS

- ANDREWS JR 1987. *Public speaking: principles into practice*. New York: Macmillan.
- ANON 1991. *Keesing's contemporary archives: a record of world events* 37(3):38131-2.
- ANON 1993. Will FW make it? *Sunday Times*, 20 Junie, 22.
- BAIRD AC 1965. *Rhetoric: a philosophical inquiry*. New York: Ronald Press.
- BLACK E 1978. *Rhetorical criticism: a study in method*. Madison: The University of Wisconsin Press.
- BOTHA M 1992. Kimberley's multi-racial city council. *Southern Africa today* 9(8):11.
- BREYTBACH WJ 1996. *Democratisation in sub-Saharan Africa: transitions, elections and prospects for consolidation*. Ndabeni: The Rustica Press Ltd.
- BROCK BL & SCOTT RL 1986. *Methods of rhetorical criticism*. 2de uitg. Detroit: Wayne State University Press.
- BURNS YM 1990. Censorship: past, present and future. *Equid Novi* 11(2):148-60.
- BURTON S 1996. Politics, communication and development in South Africa: methodology and mediations in a period of transformation. *Equip Novi*, 17(2):159-78.
- BYWATER I 1971. *Aristotle. De Poetica*. New York; Random House.
- CARRINO EMD 1959. *Conceptions of disposition in ancient rhetoric*. Michigan: University Microfilms International.

- CATHCART RS 1988. **Post communication. Rhetorical analysis and evaluation.** 2de uitg. New York: Macmillan.
- CLAASSEN GN 1998. **Magazines. Life's own story.** In: De Beer AS (red.). **Mass Media. Towards the millennium. The South African handbook of mass communication.** Pretoria: J.L. Van Schaik Publishers.
- DAHNKE GL & CLATTERBUCK GW 1990. **Human communication. Theory and research.** California: Wadsworth Publishing Company.
- DE BEER AS & STEYN EF 1994. Coming in from the cold: South African media coverage of the 1992 Olympic Games. **Equid Novi** 15(2):195-232.
- DE BEER AS & STEYN EF 1996. Media policy development: some trends in post-communist societies and post-apartheid South Africa. **Equid Novi** 17(2):212-45.
- DE KLERK WJ 1991. **Die man en sy tyd. FW de Klerk.** Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, Bpk.
- DE KLERK WJ 1994. Kommunikasie-aantekeninge oor die Suid-Afrikaanse verkiezing: April 1994. **Communicare** 13(2):5-21.
- DE KLERK WJ 1998. **FW de Klerk. Die outobiografie. Die laaste trek - 'n nuwe begin.** Kaapstad: Human & Rousseau.
- DE WET JC 1991a. Rhetorical criticism of public speaking - directions for communication research. **Equid Novi** 12(1):60-79.
- DE WET JC 1991b. **The art of persuasive communication.** 2de uitg. Kaapstad: Rustica Press.
- DE WET JC & RENSBURG RS 1989. **Evaluation of public speaking.** Kaapstad: Juta.
- DU TOIT A 1992. Boipatong - die binnelandse gevolge. "Nuwe SA" maak plek vir ware SA. **Die Suid-Afrikaan** 40:8-9.
- FAURE C 1990. Konflik tussen die pers en die regering; 'n konflikteoretiese beskouing. **Communicatio** 16(1):29-37.

- FIELDING M 1997. **Effective communication in organizations. Preparing messages that communicate.** 2de uitg. Kenwyn: The Rustica Press.
- JEFKINS F 1998. **Public relations.** 5de uitg. Londen: Pitman Publishing.
- JORDAN ZP 1992. South African media: a unique opportunity to change South Africa's future. **Equid Novi** 13(2):176-8.
- JUNG C 1996. After apartheid. Shaping a new Afrikaner "Volk". **Indicator** 13(4):12-6.
- KAMSTEEG A & VAN DIJK E 1990. **FW de Klerk. Man van die oomblik.** Kaapstad: Vlaeberg Uitgewers, Bpk.
- KENNEDY GA 1991. **Aristotle on rhetoric: a theory of civic discourse.** New York: Oxford University Press.
- KOTZE H & GELDENHUYSEN D 1990. Damascus road. **SA Leadership** 13(4):25-30.
- KRUGER J 1991. Intimidasie en die "nuwe" politiek. **Woord en daad** 31(332):2-3.
- KUMALO A & MPHABHLELE E 1990. **Mandela: echoes of an era.** Londen: Penguin.
- LAUSBERG H 1998. **Handbook of literary rhetoric. A foundation for literary study.** Leiden: Koninklijke Brill nv, Leiden.
- LITTLEJOHN SW 1978. **Theories of human communication.** Columbus, Ohio: Charles E Merrill.
- LOUW PE 1993. Language and media policy: exploring the options. **Equid Novi** 14(2):127-52.
- LOUW PE 1994. Shifting patterns of political discourse in the new South Africa. **Communicatio** 20(1):26-38.
- MARAIS HC, CONRADIE P, MALAN C & CHURING G 1994. Perspectives on intercultural communication in a democratising South Africa. **Communicatio** 20(1):44-54.

- MASTERSON JT, BEEBE SA & WATSON NH 1989. **Invitation to effective speech communication.** Glenview: Scott, Foresman & Co.
- MOSENEKE D 1992. Media for the masses. **Equid Novi** 13(1):114-21.
- MULLER P 1990. Lesersbehoeftes; 'n nuwe vorm van sensuur? **Equid Novi** 11(2):225-31.
- NAUDE AME 1999. Communication technology and development: can South Africa afford the information explosion? **Communicatio** 25(1&2):58-63.
- NIMMO DD & SANDERS KR 1981. **Handbook of political communication.** Beverley Hills: Sage.
- OOSTHUIZEN LM 1990. Ideologie, media en Afrikaner-nasionalisme: 'n oorsig. **Communicatio** 16(1):38-47.
- OVERTON-DE KLERK N 1993. "Total communication": new buzzword or home truth? **Equid Novi** 14(2):179-92.
- PRETORIUS PJ 1996. **Volksverraad.** 3de uitg. Mosselbaai: Libanon Uitgewers.
- ROBERTS WR 1984. **The rhetoric and the poetics of Aristotle.** 2de uitg. New York: Random House.
- ROELOFSE JJ 1992. Democracy and the South African press: lessons from Germany. **Communicatio** 18(1):29-34.
- ROELOFSE JJ 1995. Persvryheid: die pad terug. **Communicatio** 21(1):29-38.
- RYBACKI K & RYBACKI D 1991. **Communication criticism. Approaches and genres.** California: Wadsworth Publishing Company.
- SEITEL FP 1998. **The practice of public relations.** 7de uitg. Upper Saddle River, New Jersey: Prentice Hall.
- SPROULE JM 1997. **Speechmaking, Rhetorical competence in a postmodern world.** 2de uitg. Madison: Brown & Benchmark Publishers.

- TERBLANCHE FH 1994. Die aard en gemeenskapskulturele dimensie van nie-verbale boodskapverkeer met spesifieke verwysing na emblematische gedrag. *Communitas* 1:32-54.
- TERBLANCHE FH 1996. Die individualisme-kollektivisme-dimensie van kulturele variasie: implikasies vir mondelineerde onderrigkommunikasie. *Communicare* 15(2):57-83.
- THORNHILL C 1990. Verslag en aanbeveling van die komitee van ondersoek na 'n stelsel van plaaslike regering in Suid-Afrika. Johannesburg. (Ondersoek na 'n stelsel van plaaslike regering in Suid-Afrika).
- VAN DER WALDT D & SERFONTEIN L 1993. Marketing communication in a post apartheid society. *Equid Novi* 14(2):193-211.
- VAN DEVENTER JH 1990. Die massamedia en politieke hegemonie. *Equid Novi* 11(2):215-24.
- VAN ZYL J 1990. Pre-election coverage by SABC-TV of the 1989 general election. A case study in news construction. *Communicare* 9(1):68-77.
- VAN ZYL I 1999. FW se oomblik van waarheid. *Insig* 133:30-2.
- VERDERY K 1996. *What was socialism, and what comes next?* Princeton: Princeton University Press.
- WIGSON D 1995. A comparative analysis of South African election coverage by international radio news. *Communicatio* 21(2):67-82.
- WILSON J & WILSON SL 1998. *Mass media/Mass culture. An introduction.* 4de uitg. New York: McGraw-Hill.
- WOLVIN AD, BERKO RM & WOLVIN DR 1993. *The public speaker/The public listener.* Boston: Houghton Mifflin.
- YOUNGHUSBAND P 1992. The dawn of reason. *SA Leadership* 11(2):10-5.